# Wat kom na apartheid?

## UOVS verdedig vryheid van spraak

**HENNIE SERFONTEIN**

GEDURENDE die naweek van 14 en 15 Oktober is belangrike politieke geskiedenis in meer as een opsig gemaak in Bloemfontein op die kampus van die Universiteit van Oranje Vrystaat (UOVS).

Eerstens is daar 'n werkswinkel gereël deur Ordes, oor die vryheidsmanifes van die verbode African National Congress (ANC) met die tema "Wat kom na apartheid?" Ordes is 'n besprekings- en studiegroep geaffilieerd met die studenteraad van UOVS wat die werkswinkel in samewerking met IDASA aangebied het.

Tweedens was dit 'n heel belangrike oorwinning vir die beginsel van vryheid van spraak en ope gespreksvoering oor belangrike en sensitiewe politieke sake. In dié verband alle lof aan die universiteits owerhede, en veral die uittredende rektor Prof. Wynand Mouton en die aangewewe rektor Prof. F.P. Retief, wat heel moedig 'n besliste beginselstandpunt ingeneem het.

Nieteenstaande geweldige regse druk en 'n poging van 40 AWB studente om die werkswinkel fisies te ontwrig, het hulle onwrikbaar voet by stuk gehou, en geweier om die werkswinkel ter elfde ure te verbied. Die nodige veiligheidsmaatreëls is getref om dit te laat voortgaan onder beskerming van universiteits wagte en die polisie.

Die werkswinkel is bygewoon deur byna 200 studente en dosente. Die feit dat só 'n omstrede onderwerp oor die omstrede ANC — slegs die naam daarvan laat die regering se bloeddruk gevaarlik die hoogte inskiet — in Bloemfontein gehou is, is nie sonder simboliek nie. Want nie alleen is Bloemfontein die hoofstad van die Oranje Vrystaat wat die beeld het as die mees konserwatiewe en verkrampte provinsie, 'n bastion van Afrikaner nasionalisme. Dit is ook die plek waar in Desember 1912 die ANC gestig is, die oudste moderne politieke organisasie in Afrika, en waar die Nasionale Party, vandag in 'n bittere konflik met die ANC gewikkel, self twee jaar later gestig is.

Bekende UOVS studenteleiers was saam met André Zaaiman, die skakelpersoon van IDASA met universiteite, betrokke by die organisasie van die werkswinkel. As sprekers, het opgetree mense soos dr. Van Zyl Slabbert, dr. Beyers Naudé, wat die openingsrede gehou het, prof. Lourens du Plessis, prof. Sampie Terreblanche, prof. Elwil Beukes en mnr. Saki Macozoma, van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Aspekte wat hanteer is en lewendig gedebateer is, is onder andere blanke vrede, menseregte, individuele regte en groepregte en die "Afrikaner en die Vryheidsmanifes".

Dr. Naudé het gesê dat die Afrikaner 'n besondere verantwoordelikheid het in 'n post-apartheid bestel om mee te werk om 'n nierassige demokrasie te help vestig. "Die Afrikaner het beslis 'n bydrae te lewer, en as ons bereid is om na die kritiek van swartes te luister, sal hulle ons aanvaar." En oor blanke vrese het mrn. Macozoma gesê: "Ons kan onderlinge wantroue besweer as ons valse mites kan afbreek."

Die Vrydagoggend voor die konferensie begin het, was daar konsternasie en beroeringe op die kampus. Twee naamlose smeerpamflette wat dr. Naudé en André Zaaiman belaster het, is op die kampus versprei. Dr. Naudé is voorgestel as die versinnebeelding van die "kommunisme en anti-Christ", en die werkswinkel is skerp veroordeel as 'n ondermyning van die Afrikaner.

Ook het 'n afvaardiging van beswaarde konserwatiewe ouers prof. Mouton gaan spreek in 'n poging om die werkswinkel en spesifiek die Naudé toespraak te verbied. Prof. Mouton se standpunt was heel duidelik. Hyself hou nie van die tema nie, hy sou self dit nie geörganiseer het nie en stem nie daarmee saam nie. Maar hy het daarop gewys dat vroeër vanjaar AWB leier mnr. Eugene Terre-blanche ook 'n vergadering toegespreek het. Baie studente en dosente was bitter daarteen gekant. Maar hy het dit toegelaat terwille van 'n ope debat oor die hele politieke spektrum, en daarom weier hy om die werkswinkel te verbied.

Maar die aand het 'n groep van 40 AWB studente, die meeste met kakie uniforms aan, die saal beset 'n uur voordat dr. Naudé die werkswinkel sou open. Pogings van die organiseerders dat hulle die saal moet verlaat aangesien slegs persone wat vooraf geregistreer het, toegelaat sou word, het misluk.

Daarop het prof. Retief names prof. Mouton — omdat hy by 'n ander vergadering besig was — die AWB belhamels gekonfronteer. Prof. Retief het vreesloos prof. Mouton se standpunt soos hierbo gestel, uiteengesit.

Hy het gesê UOVS sal nie toelaat dat enige vergadering op sy kampus ontwrig word nie, soos wat die afgelope twee jaar op liberale Engelssprekende kampusse gebeur het nie.

Die AWB het egter geweier en voortgegaan om die saal van byna twee uur te beset. Maar sonder dat hulle daarvan bewus was, is blits snel ander reëlings getref en kon die werkswinkel ongehinderd voortgaan in 'n saal op die onderste vloer, onder strenge veiligheids reëlings.

So is in die hart van die Vrystaat 'n oorwinning behaal vir die beginsels van vryheid van spraak en politieke verdraagsaamheid, twee beginsels wat die Nasionale Party regering alreeds vir dekades verkrag.



*Dr Beyers Naudé — een van die sprekers.*